

27 Junie

Skrifgedeelte: Hebreërs 11:1-10
Fokusgedeelte: Hebreërs 11:1-3

Deur die woord van God kom daar lewe

Wat beteken dit om te glo? Die skrywer wil in vers 3 'n aangrypende waarheid noem, maar vooraf wil hy in vers 1 die sekerheid van daardie waarheid aan jou as leser verduidelik. Hy doen dit deur te verduidelik wat dit beteken om te glo. Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop en nie sien nie. Die woord wat hy vir "om seker te wees" gebruik, is 'n woord wat ook eiendomsbewys kan beteken. Byvoorbeeld: Jy koop 'n stuk grond by die see. Jy het dit nog nie gesien nie, maar oor die pos ontvang jy die eiendomsbewys van daardie grond. Die bewys van eiendom in jou hande gee vir jou die sekerheid dat daardie grond jou eiendom is, al het jy dit nog nie gesien nie. Dit is soos geloof is. Dit gee aan jou absolute sekerheid van die dinge wat jy nie gesien het nie.

En nou vers 3: Wat 'n wonderlike waarheid! Ons weet dat die wêreld (heelal) deur die woord van God geskep is. Deur die woord van God kom daar dus lewe. Die skepping van die heelal is so groot en diep en onbegryplik, en daar is so baie dinge wat ons nie verstaan nie. Een ding weet ons met sekerheid, en dit is dat die wêreld deur die woord van God geskep is. Deur die woord van God is alles begin; die woord van God het in die skeppings tyd alles gelei en beheer en die sigbare dinge het nie ontstaan uit iets wat ons sien nie. Omdat ons glo, kan ons dit met sekerheid sê, al het ons dit nie gesien nie.

Die woord van God is dus skeppingswoord en jy hoor en sien dit elke dag in die natuur en sterreheemel. Die woord van God is die vleesgeworde woord, Jesus Christus (Joh. 1). Hy is die hoogste Profeet wat God se wil volmaak geopenbaar het. Die woord van God is Skrifwoord, die Bybel, die lamp vir ons voet, sê Psalm 119. Deur die woord van God kom daar lewe.

Daarom: stap in die natuur; lees die Bybel; luister na die prediking; kyk met geloof na die brood en wyn in die Nagmaal – sigbare tekens van ons Verlosser, al het ons Hom nie gesien nie.

Sing: Psalm 119:7 (1936)

Dr. SJ (Kobus) van der Walt (Bloemfontein-Suid)